DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**9 Julie 2023**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

Datum : 9 Julie 2023
Tyd : 09:30
Prediker : Student NP Wepener (Philip)

## Ontmoetingsdiens

Voorsang : Psalm 40: 2, 4
Votum en Seëngroet : (Bid)
Lofpsalm : Psalm 107: 1, 10
Geloofsbelydenis : Twaalf Artikels

## Verootmoedigingsdiens- en Versoeningsdiens

Wet van Die Here : Eksodus 20: 1 - 17 (2020 - Vertaling)
Sing : Psalm 103: 5, 6

## Woorddiens

## Epiklesegebed

Sing : Psalm 50: 1, 4
Skriflesing : Maleagi 1: 1 - 14 (2020 - vertaling)
Teksverse : Maleagi 1: 2, 6 - 8 (2020 - vertaling)
Tema : Die Here het ons lief, daarom wil en moet ons Hom eer met aanneemlike dankoffers wat aan Hom toekom .

## Antwoorddiens

Dankgebed

Slotpsalm : Psalm 50: 7, 8, 10, 11

## Sending

Uitstuurseën (Bid)

## *Preek Opsomming*

"Ek het julle lief, sê die Here, ..." (Mal. 1:2a). Hoe aangrypend is hierdie openingswoorde van die boek Maleagi! Dit is aangrypend om dit te hoor veral uit 'n profestiese boek wat met 'n profesie of 'n Godspraak ('53-vertaling) begin. 'n Profesie is aanklagte van die Here wat dringend aan die volk Israel verkondig moet word. Die volk moet aandagtig na dit luister en hulle bekeer tot die Here. Die eerste aanklag wat die Here teen sy volk het is dat hulle Hom nie eer met aanneemlike dankoffers nie (Mal. 1:6-14). Maar voordat die Here sy aanklag aankondig, begin Hy eerste om sy liefde aan hulle te verseker (Mal. 1:2-3). Die Here wil hê dat Israel dit moet hoor en weet, sodat hulle Hom op grond van sy liefde sal eer met aanneemlike dankoffers.

Dit wat Israel moet hoor en weet, sê die Here ook vir ons vandag: "Ek het julle lief". En omdat die Here sy liefde aan ons verseker (Rom. 5:8), wil en moet ons Hom eer met aanneemlike dankoffers wat aan Hom toekom (Rom. 12:1).

## OOG VIR MEKAAR




* Ons innige simpatie met Peter en Valerie O'Reilly met ma Lynn wat Donderdag oorlede is. Ons bid julle familie die troos van die Here toe.
* Ons is dankbaar dat Nico Venter tuis is na sy rug operasie. Ons bid vir goeie en vinnige herstel.
* Ons bid vir Truia Pretorius wat steeds in Pretoria in die hospitaal is. Ons is saam met Kudu en die familie bly dat daar beterskap is en hoop saam met hulle dat sy gou uitgeplaas kan word na 'n "step down" of versorging plek.
* Ons innige simpatie en meelewing met Piet Borman en sy familie wie se jongste broer oorlede is. Ons bid julle die bystand en troos van die Heilige Gees toe in hierdie tyd.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 9 Julie 2023

**Diensbeurt: Wyk 11** **Katkisasie: Geen**
**Ouderling: Hennie Combrink** **Diaken: Daleen Coetsee**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

Neem asseblief kennis dat **Bybelstudie weer na die skoolvakansie sal hervat.**

Hou die Basuin dop vir datums.






# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| **(So) 9 Jul** | ***Gerdien Kuijpers**** | ***70*** | B | 082 888 3384 |
| **(Ma) 10 Jul** | Henk Holtzhauzen | 37 | B | 071 987 4979 |
| **(Di) 11 Jul** | Ansie Roets | 69 | B | 072 033 9420 |
| **(Wo) 12 Jul** | ***Rita du Plessis***** <br> Charnell Vorster | ***85*** <br> 54 | B <br> B | 061 640 3717 <br> 082 571 3674 |
| **(Vr) 14 Jul** | Adriaan vd Walt | 69 | B | 082 900 7453 |
| **(Sa) 15 Jul** | Hardus Reinecke <br> Chenique Kryger | 31 <br> 3 | B <br> D | 079 690 5130 <br> 076 329 6562 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (Vr) 14 Jul 2011 | Wynand & Louisa vd Walt | 12 | 078 176 0964 <br> 078 965 8226 |

# KOLLEKTES



**Kollektes Julie 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**9 Julie Ekumenisiteit (Buitelands)**
**16 Julie Teologiese Studentekas**
**23 Julie Emiritaatsversorgings Fonds**

**“n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my.**

**Psalm 18:29**

# GESPREKSBYEENKOMS GK LYTTLETON



**Gespreksbyeenkoms: *Dat ons waarlik een mag wees!***

**Saterdag 22 Julie**

**Gereformeerde Kerk Lyttleton**

U word hartlik uitgenooi na 'n gespreksbyeenkoms wat uit die inisiatief van *Die Kerkblad* gereël is vir Saterdag 22 Julie by die Gereformeerde Kerk Lyttleton. Die byeenkoms is veral daarop gemik om ons lidmate en ampsdraers die geleentheid te gee om met mekaar te praat en mekaar te hoor oor hoe ons steeds een kan wees te midde van sekere verskille. Watter verskille tussen ons kan as verskeidenheid binne die eenheid gehandhaaf word? Waar kom die eenheid in gedrang?

Die agtergrond van hierdie gesprek is die afgelope Algemene Sinode waar sekere verskille, by uitstek oor die vrou in die amp, gedreig het om die eenheid van ons kerke in ernstige gedrang te bring. Die gevoel by die inisieerders van die byeenkoms is dat ons sonder die druk wat op verskillende wyses met 'n sinode gepaardgaan openlik met mekaar wil praat oor ons kosbare eenheid en waardeur dit bedreig word.

Die tema van die dag is "*Dat ons waarlik een kan wees!*". Ons eenheid in Christus in die lig van ons verskille.

Die beplanning vir die dag is die volgende:

- Ds Christo Swanepoel sal as voorsitter/gespreksleier optree.
- 08:30 Ds Cassie Aucamp open die verrigtinge en lei ie saak baie kortliks in.
- 09.15 Ds Piet Venter oor wat hy van hierdie eenheid beleef het tydens die Algemene Sinode.
- 10.15 Dr. Johan Fleischman: Die handhawing van ons eenheid in Christus te midde van verskille.
- 11.30 "Brunch", saam kuier
- 12.15 Dr. Gerard Meijer: Die belangrike vraag: Wanneer kom die gesag van die Skrif in gedrang?
- 13.15 'n Kort slotrepliek deur Ds. Pieter Kurpershoek en Ds Cassie Aucamp.
- 13.40 Die pad vorentoe.

Al ons lidmate is welkom, nie net ampsdraers nie. Ons nooi ook ons emeriti uit om ons uit hul rype ervaring te verryk.

Die koste vir die dag beloop R100 per persoon. Ons vra vriendelik dat u voor 10 Julie registreer deur u naam en gemeente per e-pos te stuur na Sussie Voogt by admin@keymaxprop.co.za of per Whatsapp na 082 892 7747, saam met die bewys van u betaling. (Let daarop dat die e-posadres in *Die Kerkblad* ongelukkig foutief was.)

Bankbesonderhede: GK Lyttleton Sustersaksie, ABSA, rek nr 6003 4023 9, verwysing: Kerkblad.

Kom ons gryp hierdie geleentheid aan om ons roeping tot ware eenheid in Christus en tot getuienis aan die wêreld te kan gehoorsaam.

Sal u ook so gaaf wees om hierdie byeenkoms aan u emeentelde bekend te stel.

# BOERE-ONTBYT

**Die Aktiwiteitskommissie bied op 22 Julie 2023 vanaf 08:00 'n heerlike boere-ontbyt aan by die kerk.**

**Daar gaan heerlike wors, spek, hoenderlewertjies, pap en eiers, vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.**



**Vir slegs R70.00 per volwassene en hoërskool-leerder en R40.00 per laerskool kind is hierdie voorwaar 'n winskoop wat nêrens anders gevind sal word nie.**

**Kaartjies nou beskikbaar by die kerkkantoor asook by lede van die Aktiwiteitskommissie.**

**ONTHOU asb die datum!!!**

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Die aarde was woes en leeg, en donkerte was oor die •oerwater. Maar die Gees van God het oor die water gesweef,

Maleagi 1: 2

